# Die Fees van die Trompette 21 September 2025

Trompettefees: Levitikus 23:23-25

23 En JaHWeH het met Moshè gespreek en gesê:

24 Spreek met die kinders van JisraEl en sê: In die **sewende maand, op die eerste van die maand**, moet dit vir julle 'n dag van Sabbatsonderhouding wees, 'n herinnering deur [basuin]geklank, 'n Samekoms van Apartheid.

25 Géén beroepswerk mag julle doen nie; maar julle moet aan JaHWeH 'n bereiding deur vuur naderbring.

Nehemia 8

1 EN toe die **sewende maand aankom**, terwyl die kinders van JissraEl in hulle stede was,

2 het die hele volk soos een man op die plein voor die Waterpoort bymekaargekom en aan Ezra, die skrifgeleerde, gesê om die Boekrol van die Wet van Moshè, wat JaHWeH JisraEl beveel het, te bring.

9 En hulle het uit die Boekrol van die Wet van die Elohim, duidelik voorgelees en haar verklaar, sodat hulle verstaan het wat voorgelees is.

10 Daarop het NegemJaH - hy was die **goewerneur** - en Ezra, die **priester**, die skrifgeleerde, en die Leviete wat die volk onderrig, aan die hele volk gesê: Die dag - apart gestel is sy aan JaHWeH julle Elohey; treur nie en ween nie! Want die hele volk het geween toe hulle die Woorde van die Wet hoor.

11 Verder het hy vir hulle gesê: **Gaan, eet lekker spys en drink soet dranke en stuur porsies aan hulle vir wie niks berei is nie;** want hierdie dag is apart gestel aan onse Meester. Wees dan nie bedroef nie, want **die Blydskap in JaHWeH - sy is julle beskutting.**

12 En die Leviete het die hele volk tot bedaring gebring en gesê: Wees stil! want hierdie dag is apart gestel; **wees dus nie bedroef nie**.

2Ezra: 2:48

33 Ek Ezra, het 'n bevel van Elohim ontvang op die berg Horeb, dat ek na JisraEl moes gaan; maar toe ek by hulle kom, het hulle my verwerp en die Gebod van JaHWeH verag.

34 En daarom sê ek aan julle, o julle nasies, wat hoor en verstaan, **soek na julle Herder**, Hy sal aan julle **ewige rus** gee; want Hy is naby wat aan die einde van die wêreld sal kom.

35 Wees gereed vir die beloning van die Koninkryk, **want die ewige Lig sal vir altyd op julle skyn.** [JeHôWganan 1:9]

36 Vlug uit die skaduwee van hierdie wêreld, ontvang die Vreugde van jou Glansrykheid: **ek betuig openlik my Verlosser.**

37 Ontvang die gawe wat aan julle gegee word en verheug julle, **gee dank aan Hom wat julle na die hemelse Koninkryk geroep het**.

38 **Staan op, en kyk die getal van hulle wat verseël is vir die feesmaal van JaHWeH**; [Openbaring 7:4-8 en 14:1]

39 Die wat oorgegaan het uit die skaduwee van die wêreld, wat **sierlike klere** van JaHWeH ontvang het.

40 **Neem U getal, o Sion**, en maak die getal op uit U wat in wit geklee is, die wat die Wet van JaHWeH onderhou het. [Openbaring 3:18; 7:4]

41 Die getal van U kinders na wie U verlang het, is vol: **smeek dat die Koninkryk van JaHWeH sal kom,** sodat U volk, wat van die begin af geroep is, apartgestel mag word. [Boekrol van Henog 47:4]

42 EK, Ezra, het op die Berg van Sion 'n groot volk gesien, wat ek nie kon tel nie, en hulle het almal Elohim geloof met liedere. [Openbaring 14:3]

43 En in hulle midde was daar **'n Jong Man van hoë gestalte, groter as al die ander, en op elkeen se hoof het Hy krone geplaas**, en Hy was meer verglans; sodat ek my grootliks verwonder het. [Wysheid 6:21; Boekrol van Henog 45:4; Openbaring 22:4 - 5]

44 Daarom het ek aan die Boodskapper gevra en gesê: meester, wat is hierdie?

45 Hy het my geantwoord en gesê: Hierdie is hulle wat **die sterflike klere uitgetrek het en die onsterflike aangetrek het** en die Naam van JaHWeH bely het: nou word hulle gekroon en ontvang palmtakke. [Openbaring 6:11]

46 En ek het aan die Boodskapper gesê: Wie is die Jong Man wat hulle kroon en palmtakke in die hand gee?

47 Toe antwoord hy my en sê: **Hy is die Seun van die Elohim, vir wie hulle op die Aarde bely het**. Toe het ek hulle grootliks begin prys, diegene wat **so dapper gestaan het vir JaHWeH se Naam**. [Openbaring 6:9]

48 Toe sê die Boodskapper aan my: Gaan en verkondig aan My volk hoedanige en watter groot wonderwerke jy van JaHWeH jou Elohey gesien het.

Lukas 17:20-21

20 En toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die koninkryk van Elohim sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van Elohim kom nie met sigbare tekens nie.

21 En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want **die koninkryk van Elohim is binne-in julle**.

1Thesalonicence 4:16-17

16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle **in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug**; en so sal ons altyd by die Here wees.

18

Openbaring 3:7-13

7 En skryf aan die boodskapper van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Aparte Een, die Ware Een, **wat die sleutel van Dawid het**, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: [JeshaJaH 22:22]

8 Ek ken jou **werke**. Kyk, Ek het voor jou ‘n **geopende deur** gegee, en niemand kan haar sluit nie, want jy het **min krag** en jy het **My Woorde onderhou en nie teen My Naam getuig nie**. [JeHóWganan 10:7]

9 Kyk, Ek gee jou uit die vergadering van die Satan, van die wat sê dat hulle manne van JeHûWdah is en dit nie is nie, maar lieg - Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. [2 Konings 2:15; Boekrol van die Opregte 51:18; Psalm 129:5]

10 **Omdat jy die Woord van My lydsaamheid bewaar het,** sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die Aarde op die proef te stel.

11 Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand **jou Kroon** kan neem nie. [JeshaJaH 22:23]

12 Wie oorwin, Ek sal hom 'n **pilaar** in die Tempel van My Elohey maak, [1 ShemuEl 2:8] en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van My Elohey skrywe en die naam van die Stad van My Elohey, van die **nuwe Jerusalem**, wat uit die Hemele van My Elohey neerdaal, **en My nuwe Naam.** [JeshaJaH 61:3]

13 Wie 'n oor het, laat hom **hoor wat die Gees** aan die gemeentes sê.

Openbaring 14:1-5

1 EN ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die Berg van Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertigduisend met Sy Naam en die Naam van Sy VADER op hulle voorhoofde geskrywe. [Odes van Salomo 23:21; 42:20; JeshaJaH 11:12; 2 Ezra 2:38]

2 En ek het 'n geluid uit die Hemele gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters. [2 Ezra 6:17]

**3 En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die Troon en voor die vier lewende Wesens en die oudstes; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd-vier-en-veertigduisend wat van die Aarde *(materie)* vrygekoop *(verlos)* is**. [2 Ezra 2:42]

4 Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel ***(valse kerkgeeste)*** het nie, **want hulle is maagdelik skoongewas *(sondeloos gemaak)*;** [Exodus 19:15] dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan ***(Sy Nuwe Openbaring woorde aanvaar)***; dit is hulle wat gekoop is uit die adamiete as **eerstelinge** vir Elohim en die Lam. [Levítikus 21:14]

5 En in hulle mond is daar **geen bedrog** gevind nie; want hulle is raseg ***(volkome eg van gees en vlees, dus volkome wedergebore)*** voor die **Troon van Elohim *(Sy Troon in Ons)***.

Rev 19:6 En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: HalleluJaHH/Prys-JaHH! want onse Elohey JaHWeH El Almagtig, het die Koningskap aanvaar.

Openbaring 19:7-9

7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die Majesteit gee, want die **Bruilof van die Lam het gekom en Sy Vrou het Haar gereed gemaak**.

8 En aan Haar is gegee om bekleed te wees met **gewasde en glansende fyn linne**, want die fyn linne is die **regverdige dade** van die Apartes.

9 Toe sê hy vir my: Skryf - geseënd is die wat genooi is na die **bruilofsmaal van die Lam**. En hy sê vir my: **Dit is die ware Woorde van Elohim**. ***(Die Bruilofsmaal is dus die Ware Woorde van JaHshua, nl. die Nuwe Openbaring)***